

Prediking:

1.

Die **4 evangelies verwys 14 maal na Maria Magdalena.**

13 Van die teksgedeeltes wat van Maria Magdalena getuig skets haar as een van die vroue by die kruisiging van Jesus, of as een van die vroue by die leë graf. Maria Magdalena is dus **getuie** van die kruisgebeure en van Jesus se opstanding uit die dood. In daardie opsig het sy 'n baie belangrike rol as getuie in die evangelies. Sy sien wat aan die kruis gebeur, sy ervaar die oop graf en die opgestane Heer, en daarom **getuig sy waarvan sy sien.** Sy is telkens die een wat na die dissipels hardloop na Jesus se opstanding om te vertel wat sy gesien en gehoor het.

- Maar wie was sy werklik? Weet ons iets van haar af?
- En baie belangrik: Hoekom sou Jesus se woorde aan haar in die teksgedeelte – *moenie bang wees nie* – haar meer as enigiemand anders vertroos het.

Afgesien van die 13 teksgedeeltes wat Maria Magdalena of by die kruis, of by die leë graf plaas, is daar een teksgedeelte wat vir ons bietjie meer inligting omtrent haar verskaf. Die vind ons in **Lukas 8 vers 2.**

Daar lees ons dat Jesus saam met die 12 gereis het. Tydens die reistog het hy natuurlik gepreek en wonders verrig. En dan word daar pertinent gesê dat daar 'n Maria Magdalena saam met die groep was – **die een wat deur 7 demone besete was.**

2.

Die brokkie inligting vertel ons baie van wie en wat Maria Magdalena was.

In die **antieke tyd was daar baie bygelowe en veral 'n sterk stigma gekoppel aan mense wat volgens hulle beskouing deur demone besete was.**

- Iemand wat byvoorbeeld as 'n besetene beskou is was geheel en al gerangeer.
- Sodra gerugte die rondte gedoen het dat jy deur besegeeste besete is, het jy baie keer alles verloor. Jou familie, jou vriende alles. Selfs somtyds jou besitting en inkomste.
- Sulke mense het op ashope kos gekry en somtyds in begraafplase of kelders geslaap.

Verbeel jouself net vir 'n oomblik binne die vrou se skoene. Deur demone besette. Nie net een nie maar 7. Die getal is 'n volmaakte getal – d.w.s. haar leiding is volkome. Verder, is sy geheel en al geïsoleer en gerangeer. Sy is alleen in die wêreld. Sy het geen huis en geen heenkome nie.

Ek dink die domineerde emosie wat sy moes ervaar is **vrees**.

- Sy was ***bang*** vir die bonatuurlike magte wat haar lewe oorgeneem het.
- Sy was ***bang*** omdat sy alleen in die lewe was. Sy was bang omdat sy nie geweet het waar sy gaan slaap of waarvan sy gaan lewe nie.
- Sy was ***bang*** omdat daar altyd die kans bestaan dat die gemeenskap haar om die lewe gaan bring omdat sy volgens hulle 'n gevaar is.

Vrees en ang het haar lewe gedomineer. Ek dink ons kon haar netsowel **Bang Maria** genoem het.

3.

Maar dan ontmoet Maria vir Jesus.

Nêrens lees ons dat Jesus die demone uitgedryf het nie. Daar word egter geïmpliseer dat Jesus die wonder verrig het. En met die uitdryf van die demone verander haar lewe geheel en al.

Vrees en ang domineer nie meer haar lewe nie.

- **Voorheen** was sy bang vir die bese en siekte wat so groot invloed in haar lewe gehad het.
- Sy was bang omdat sy alleen was met geen tuiste of heenkome nie.

- Sy was bang omdat sy nie geweet waarvan sy gaan leef nie.

Maar met die **ontmoeting van Jesus word die vrees weggegee**. Jesus verlos haar van die bose en Hy gee vir haar 'n tuiste. Sy het miskien nie meer 'n tuiste saam met haar familie nie. Tog gee Jesus vir haar 'n tuiste onder sy volgelinge.

4.

Met Jesus se kruisiging en sterwe het alles sekerlik plat geval.

Met Jesus se dood was sy weer daar op die ashoep, weer tussen die grafte.

Met Jesus se dood het sy seker gedink: Maar dit kom tot niks – dit is was nie die moeite werd nie. Weereens sit ek op die straat, weereens is ek sonder 'n tuiste of heenkome. En wie gaan nou die bose afweer. Die een wie ek gedink magtiger is, is nou self deur die bose verslaan.

Jesus is dood, en ek Maria Magdalena, is so goed soos dood.

Miskien is dit hoekom sy die een is wat telkens, volgens die 4 evangelies na die graf gaan, om Jesus se liggaam skoon te maak en voor te berei. Want sy het meer as enigiemand anders waarde aan haar verhouding met Jesus geheg en gekoppel.

5.

Kom sy daai Sondag by die graf moes haar gemoed in haar skoene/ sandale wees. Met absolute angsk en vrees loop sy na die grafkelder. Wat nog meer is, miskien wag Romeinse soldate haar by die graf in om haar ook soos Jesus in hegtenis te neem.

Kom sy egter by die grafkelder aan is die steen voor die opening weggerol. Op daai oomblik gebeur daar dinge wat haar vrees net meer sou maak. **Daar is 'n aardbewing, engele verskyn en die soldate by die graf word soos dooies.**

Tog gaan sy en die ander Maria nader. Die engele wat daar verskyn het gee hulle dan die boodskap wat hulle sekerlik nie kon glo nie. **Jesus lewe, Hy is deur God uit die dood opgewek.** Gaan na die dissipels en vertel hulle van die goeie nuus. En dan lees ons dat *hulle bang, maar baie bly van die graf weg is.*

Voordat hulle egter nog by die dissipels kom met hulle boodskap, verskyn Christus aan hulle met die kragte, aangrypende woorde. **Moenie bang wees nie.** Amper asof Jesus tot in Maria Magdalena se hart kyk. Hy sien haar grootste noot, haar vrees, haar angs. En Hy spreek dit aan.

Moenie bang wees nie!

6.

As't ware sê Jesus vir Maria.

- *Moenie bang wees vir die bose nie – sien ek het dit oorwin. Glo jy my nou.*
- *Moenie bang wees omdat jy dink jy is alleen nie. Jy is nooit alleen nie. Ek is met jou tot die lengte van dae. Glo jy dit nou.*
- *Moenie bang wees nie. Jy vrees oor die feit dat jy nie 'n tuiste gaan hê nie. Weet egter dat jy altyd by my 'n tuiste het – maak nie saak waar jy jou in die lewe bevind nie.*
- *Moenie bang wees nie. Jy wonder miskien waarvan jy gaan lewe. Ek voorsien. Netsoos ek die dood en die sonde verslaan so is ek by magte om in jou lewe in te gryp. Glo jy dit nou?*
- *Moenie bang wees nie. Jy vrees miskien oor die sonde wat so groot invloed in jou lewe. Jy hoef egter nie te vrees nie. Jy is deur my bloed verlos, vry gekoop.*
- *En laaste sê Jesus in die woorde aan Maria: Moenie bang wees nie. Jy hoef nie langer te vrees nie. Die dood, is finaal oorwin. Saam met my het jy gesterf, maar weet jy wat, saam met my staan jy ook op uit die dood.*

7.

En wat van ons? Hoe verander die woorde van Jesus jou en my bestaan? Verander dit enigsins iets?

Wel, ek dink moet begin deur te sê dat ons maar net so bang soos Maria Magdalena is. Vrees domineer ons lewens.

- *Ons is bang vir siekte, kanker, die moesie op my rug.*

- Ons is bang omdat ons geld minder werd is. Inflasie neem net toe, maar my salaris hou net nie tred nie.
- En wat van die politiek? Is daar 'n plek vir my as blanke in die land.
- En dan het ons nog nie eers begin praat oor die diefstal, verkragting en moord wat so algemeen geword het nie.
- Vir elkeen van die dinge vrees ons.

Vrees speel egter nie net 'n rol in my persoonlike lewe nie. Dit is sekerlik ook die emosie wat die **grootste impak het op die wêreld in sy geheel**. Vrees sit agter so baie dinge gemeente!

- As gevolg van vrees is daar iets soos Rassisme en Xenofobie.
- As gevolg van vrees is daar haat.
- As gevolg van vrees vir die onbekende, die vreemde, ontstaan daar oorloë en is daar iets soos terrorisme.

Vrees gemeente, domineer nie net ons persoonlike lewens nie, dit is ook die ding wat die wêreld vorm en in 'n rigting stuur. Die geskiedenis getuig helder en duidelik hiervan.

As bang mense gaan ons die lewe in. Ons lewe in 'n vreesbevange wêreld.

En dit vul ons met 'n stuk hopeloosheid – met 'n stuk wanhoop.

8.

- Maar juis om die rede het Jesus na die aarde gekom.
- Juis hier om is hy gekruisig.
- Juis hierom is Hy deur die magtige hand van die Vader uit die dood gewek.

Om die vrees en angste te verslaan – uit ons harte te dryf.

Of anders gestel. Netsoos Jesus die vrees in Maria se hart sien, so sien Jesus dit ook in elkeen van ons se lewe raak. En netsoos Jesus aan Maria sê: *Moenie bang wees nie*, so sê Hy ook aan elkeen van ons : *Moenie bang wees nie*.

- Moenie bang wees vir die geweld en misdaad nie.

- Moenie bang wees vir die politieke onstuimighede nie.
- Moenie bang wees vir swaar finansiële omstandighede nie.
- Moenie bang wees vir siekte en kanker nie.
- Moenie bang wees nie.

Moenie bang wees nie, want dit waarvoor jy vrees het ek reeds verslaan. My almag is groter as dit? God is groter as dit!

9

Is dit nie ongelooflike trooswoorde nie gemeente? **Verander dit nie jou lewe nie.**

Ek dink dit het Maria se lewe geheel en al verander. En ek is daarvan oortuig: Wanneer ons dit met ons hele hart glo verander ook jou en my lewe.

Want gemeente: Wanneer ons lewe met die wete dat ons nie langer hoef bang te wees nie, **lewe ons ons 'n vreeslose lewe.**

Ja, ons is steeds miskien uitgewer aan die dinge van die lewe. Daar sal steeds misdaad en siekte wees. Ons hoef egter nie daarvoor te vrees nie.

Wie van ons kry dit egter reg? Wie van ons is werklik vreesloos? Nie ek nie!
--

Hierin kry ons 'n antwoord wanneer Jesus in die tuin van getsemane is. Daar is Hy ook bang vir die toekoms, wat more inhou. Tog neem hy die vrees en angs na die Here in gebed. Na die gebed met die Here is hy nie langer bang nie en sien Hy kans vir sy uitlewering, marteling en kruisiging.

Netso moet ons die woorde van Jesus glo: Ons moet nie bang wees. En daarom moet ons vreesloos wees in die gesig van die wêreld se aanval. Tog wanneer ons struikel en val, en nie langer die woorde glo nie moet ons dit na die Here in gebed neem. En net dalk sal ons ook die weer die wêreld in geloof, en sonder vrees kan trotseer.

Amen

Gebed: (sittend)

Luister na **Laat my nooit U grond verlaat nie.** (*gee dat elke aardse **vrees** nietig word vir my...*)

Wet: (sittend)

Mateus 28: 16-20

Respons: (sittend en onaangekondig)

Vonkk 05: 1 & 2 (*As gestuurde van die Vader stuur Hy ons nou wêreldwyd*)

Geloofsbelydenis: (staande en hardop)

Apostoliese Geloofsbelydenis

Slotsang: (staande en onaangekondig)

Lied 577: 1, 2 & 3 (*... tog hoef ek nie te **vrees**...*)

Seën

Die Here sal julle seën en beskerm;

die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;

die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee.

Amen.